NUUSBRIEF JanuarIe 2024




**NUWE EPOSADRES** – boesmansratepayers@gmail.com

**Verander asb die besonderhede van begunstigdes volgens die nuwe adres**

**BAIE DANKIE!!!**

Ons opregte dank gaan aan almal wat bygedra het tot ons verskeie projekte. Eerstens was die veiligheidswagstelsel vir Desember weereens 'n reuse sukses. Daar was nie 'n enkele misdaadverwante insident in ons dorpies gedurende die wagte se dienstye nie. Dankie ook aan die sowat 130 persone wat hierdie inisiatief finansieel ondersteun het. Dit het nou oor 'n tydperk van jare bewys dat dit die moeite werd is.

Daarby het die nou ontbinde komitee van die Boesmans Nuwejaarsport die balans van hulle fondse aan ons oorgedra. Ons is opreg dankbaar en sal hierdie fondse toeken aan onderhoud van die tennisbane. Indien die Nuwejaarsportdag ooit sou herleef, sal BRRAG met entoesiasme bystand en ondersteuning aan die projek verleen.

Ons is dankbaar teenoor die talle Boesmans ondersteuners wat hulle BRRAG lidmaatskap hernu het. Ook donasies wat tydens Januarie gemaak is, word baie waardeer. Nou kan ons aan die gang kom met 'n paar projekte. Hieronder kan ons sien hoe die agterste deel van die saal lyk. Dit gaan 'n reuse taak wees om dit as bruikbare deel van die saal te inkorporeer.

Saalbesprekings word via WhatsApp +27 83 876 7000 gedoen. Alle navrae sal deur ons komiteelid, Sue Muirhead, wat die besprekingsregister hanteer,  so gou dit in redelike terme moontlik is, beantwoord word.




Die raadsaal is beskikbaar vir vergaderings. Dit het ook ‘n uur se gratis WiFi beskikbaar.



**HUISNOMMERS:** Ons het gedurende Desember probleme ervaar om verskeie huise wat bygedra het tot die Desember veiligheidsinisiatief te identifiseer. Maak asseblief seker dat die nommer van jou eiendom duidelik aangebring is op die gebou self of aan die buitekant teen die muur of heining.

**NUWE EPOSDADRES** – boesmansratepayers@gmail.com

**JAARGELD VIR LIDMAATSKAP**




Weens die uitsonderlike hoë onderhoud- en herstelkoste is die ledegeld verhoog na R 500. Dit is die eerste verhoging in baie jare maar lede kan verseker wees dat elke sent met groot omsigtigheid tot voordeel van ons gemeenskap aangewend word. Hernu asseblief jou lidmaatskap deur in ons rekening in te betaal met jou naam, straatadres en die bedrag as verwysing. Ons gee baie aandag aan onderhoud in ons dorp met uitgawes aan die tennisbane en dorpsaal en het addisionele ondersteuning nodig.

**DIE JAAR WAT VERBY IS**

Die Voorsittersverslag van 2023 kan gelees word deur **HIER TE KLIEK**

**NDLAMBE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSPLANNE**

Indien jy belangstel in die toekomsplanne vir ons gebied soos gesien deur die Munisipaliteit, kliek asseblief op die skakel hier onder vir die voorgestelde ontwikkelingsplanne.

https://ndlambe.gov.za/web/wp-content/uploads/2023/06/Final-Ndlambe-Spatial-Development-Framework-2023.pdf.

**NUWE EPOSADRES** – boesmansratepayers@gmail.com

**WHATSAPP-GROEP VIR LEDE**

Ons het 'n WhatsApp groep for opbetaalde lede van BRRAG opgestel. Dit is 'n addisionele kommunikasiekanaal om kommunikasie met lede te verbeter. As jy op die groep was sou al die nuus by jou wees soos wat dit gebeur. Om op die groepie wil wees, stuur asseblief jou naam en van en selnommer per epos na boesmansratepayers@gmail.com met die woorde WhatsApp groep in die onderwerpspasie.

**SNIPPERS**

- **KUNS OPPIE STOEP – DORPSAAL**
  Elke laaste Saterdag van die maand 10:00 – 14:00



- Ook vir die dagboek: die Paasnaweek Kuns oppie Stoep op 29 en 30 Maart.
- Terugvoering van die sake-eienaars na die feesseisoen was baie positief. BRRAG wens hulle toe wonderlike voortdurende ondersteuning.

**NEW EMAIL ADDRESS** – boesmansratepayers@gmail.com

Ons dorp se amptelike naam is Boesmansriviermond. Ons het ons eposadres aangepas ter erkenning hiervan.




**STERTJIE**



Vandag se Wiskundeprobleem: As George 68 is en sy meisie 22, hoeveel geld het George?

Die BRRAG SPAN

boesmansratepayers@gmail.com